Geregistreer aan die H.P.K. as 'n Nuusblad.




Die O.B.




DERDE JAARGANG. WOENSDAG, 1 NOV. 1944. No. 50.

# Een Volksfront I.P.V. Verskeie Partyfronte

## Volk Opgeroep tot Gesamentlike Aanslag Teen Verdeelstelsel

Die Kommandant-generaal gee die volgende uiteensetting van die Ossewabrandwag se parlementêre volksfront, soos deur die Grootraad onlangs besluit:

### DIE PARTYPOLITIEKE SKEURDERS

1. Voorheen het die Ossewabrandwag gesê: „Die man wat sê jy moet kies tussen mede-Afrikaners is die man wat sê jy moet skeur". Ons sê dit nog, en ons voeg nou die vraag by: **„Wie is die skeurder of uitskopper en wie die uitgeskopte?"**

2. Ondanks talle van versoeningspogings, minstens sewe, is alle O.B.-lede drie jaar gelede uit H.N.P.-ampte geskop. Nietemin het hulle troue lede, hoewel nie ampsdraers, van daardie party gebly. Nou is, **sonder toedoen van hul kant**, deur 'n skeursieke partyleiding besluit om hulle **ook as gewone partylede uit te skop.**

3. As die uitgskoptes nou verkies om verder weg te staan, **buitekant skopbereik**, dan is dit nie net verstaanbaar nie. Dit is ook selfrespek. En hulle gaan nou op hul eie voete staan, in elke opsig. **Aan die H.N.P.-leiers is alle geleentheid tot bewaring en bevordering van volkseenheid gegee en gegun. Hulle het ALLE geleenthede — vanaf Monumentkoppie tot nou — getorpedeer. Dit is nou tyd, en hoogtyd, dat die volk ontwaak.**

4. Die vraag ontstaan nou, in nasionale belang, nie in O.B.-belang nie, of al die Afrikanerstemkragte wat uitgeskop word, braak moet lê, ongeorganiseerd, om deur elke politieke jakkals ingepalm te word, en of hulle liewers in een volksvuis — die O.B.-vuis — saamgesnoer moet word vir toekomstige gebeurlikhede.

5. Want na die H.N.P. kan hulle nie terug nie, tensy hulle die O.B.-eed wil breek en hul kamerade in die kampe en tronke in die steek wil laat.

6. Die vraag is oorbodig; **dit spreek vanself dat dit in Afrikanerbelang is om hulle saam te snoer. En ons gaan dit doen.**

### IS DIT 'N NUWE STAP?

7. Is dit die eerste keer dat die O.B. in die politieke gedrang kom? Seer sekerlik nie.

8. **By die algemene verkiesing in 1943 het die O.B. die drie opposisie-leiers, dr. Malan, mnr.** Havenga en adv. Pirow gevra om 'n volksfront van die gesamentlike opposisie-elemente te skep, wat elke O.B.-stem en elke O.B.-rytuig tot hul beskikking sou kry **SONDER DAT DIE O.B. 'N ENKELE SETEL VIR HOMSELF VRA. Hierdie opposisie-volksfront het skipbreuk gely deur die skeursieke leiding van die H.N.P. wat verkies het om „stal skoon te maak" (hul eie woorde), liewer as om die Empire te beveg.**

9. Nietemin het die O.B.-leiding sy lede aangemoedig om stembus toe te gaan en wel om te stem „waar moontlik vir 'n goedgesinde anti-Empire-kandidaat . . . maar goed- of sleggesind, stem anti-Empire". Hierdie feite is alombekend en kan nou nog nageslaan word in die eerlike pers van destyds, onder andere in die blaadjie „Die O.B."

10. In baie kiesafdelings is dit die O.B.-stemme wat H.N.P.-kandidate gered het. Dit is ook deur mnr. Tom Naudé, L.V., ruiterlik erken, wat Pietersburg betref. En mnr. Van Niekerk, L.V., het dit ook erken aangaande die tussenverkiesing Wakkerstroom.

11. U sien dus dat die O.B. herhaaldelik verkiesings beïnvloed het, en as die beginsel voorheen goed was, kan dit in die toekoms nie sleg wees nie.

**Veral as dit daarop gemik word om nou vir eens en vir altyd 'n einde te maak aan die volksverdelende party-politiek en dit te vervang deur 'n Volksfront van alle goedgesinde Afrikaners wat sal lei tot 'n VOLKSREGERING in plaas van 'n PARTY-REGERING.**

### DIE KOERS

12. Aangesien die O.B.-lede **sonder hul toedoen** uit alle ampte en nou ook uit gewone lidmaatskap van die H.N.P. uitgeskop word, kan hulle nie weer in daardie kraal help nie. 'n O.B. mag voortaan, luidens H.N.P.-besluit, nie tot die H.N.P. toetree sonder om die O.B. in die rug te steek nie.

13. Die O.B. sal derhalwe, synde uitgeskop, sorg dra (i) dat sy Afrikaner-stemkragte wat by die H.N.P. ongewild is, **nie ongeorganiseerd rondlê** nie en (ii) dat hulle kans sal kry om in elk geval vir 'n anti-Empire-kandidaat te stem al is dit dan nie vir die skeursieke H.N.P. nie, **by wie hulle as O.B.'s onwelkom is.** Verder kan dit genoem word dat geen O.B.-offisiere kandidaat kan wees nie, tensy hulle hul rang wil neerlê. Vir ons self soek ons niks.

14. Maar wie ookal die kandidate is, **hulle sal moet inskakel by 'n Volksfront** wat veg (a) vir 'n vrye Suid-Afrika; (b) vir die afwering van **kommunisme**, veral (c) deur onderdrukking van sy oorsaak, die **kapitalistiese uitbuiting**; (d) vir **sosiale geregtigheid** en (e) vir beveiliging van Christelike blank Suid-Afrika,

EN

VIR DIE AFSKAFFING VAN PARTY-POLITIEKE VOLKSVERDEELDHEID.

15. Bostaande het u die wesenlike feite.

Daar is vir ons net een pad — die pad van Suid-Afrika, die pad van die Ossewabrandwag — My God, My Volk, My Land Suid-Afrika.

J. F. VAN RENSBURG,
Leier,
Die Ossewabrandwag,
Oktober 1944.

## Wie Sal Offerande Van Kampe En Tronke in Politiek Vertolk?

**Die Kommandant-generaal, dr. J. F. J. van Rensburg, skryf as volg na aanleiding van die huldiging van ons kamerade in die Koffiefontein-kamp:**

**In verband met die jongste viering van Heldedag is 'n gebeurtenis afgespeel, minder bekend maar uiters betekenisvol vir die toekoms. Vir die eerste keer in vyf jaar oorlog is dwingelandy van 'n Empire se handlangers pertinent aan die kaak gestel op 'n punt waar hul gewetens uiters gevoelig moet wees. Meer as vyf jaar lank is hulle besig om Afrikaners in konsentrasiekampe te stop, sonder aanklag of verhoor in die openbaar.**

As daar gronde tot internering was, was hulle van die gehalte wat nie daglig kan verdra nie. Die masker is afgeruk toe die Volksbeweging, die Ossewabrandwag, besluit het om, benewens huldebetuigings aan ons helde en martelare uit die vryheidstryd van die verlede wat jaarliks op 10 Oktober geskied, ook 'n huldebetuiging te doen aan helde en martelare uit die vryheidstryd van vandag. **En die aangewese plek vir so'n betoging was die onmiddellike nabyheid van die konsentrasiekamp Koffiefontein, waar die huidige Republikeine opgesluit sit.** Terwyl 'n O.B.-kolonne met besielende sukses 'n optog na die Krugerstandbeeld in Pretoria aangetree het, het 'n ander seksie van die O.B. gesnel na Koffiefontein, waar die vryheidsin van Kruger ook in die jaar 1944 agter die Empire se doringdraad volhard. Ook twee van Kruger se kleinseuns, twee O.B.-offisiere, moes daardie pad loop.

Dat die O.B.-optrede 'n raakskoot was, blyk ten duidelikste uit die paniekerige reaksie van die regering. 'n Noodregulasie wat ses jaar gelede uitgevaardig was, en in ses jaar nog nie gebruik was nie, is onverwyld toegepas en 'n verbod is uitgevaardig wat die grootte van die vergadering beperk tot 20 persone. **Hierdeur is die rekenkundige grootte van die Heldedagviering gestrem, maar sy morele betekenis en uitwerking oneindig vergroot en bevorder.** Die Achilleshak, die gewetensweer, van die handlanger-regering kon nie opvallender geopenbaar word nie.

### SOOS IN VERLEDE

**Want in die konsentrasiekamp Koffiefontein bloei die republikeinse gewete van ons volk. Net soos daardie gewete tevore uit die lyding van 1815, van 1838, van 1881, van 1899-1902 en van 1914-1915 wakker geskud is, net so sekerlik gaan die offerande van 1939-1944 die fondament vorm waarop die Afrikaner-vryheidstrewe in die na-oorlogse jare gaan bou. Waarop hy moet bou, want „wêreldgeskiedenis is wêreldgereg", en volksgeskiedenis is volksgereg.** Voor die regbank van die geskiedenis gaan die aangeklaagdes staan. Nie die manne in die kamp nie — hulle gaan die aanklaers wees — maar die huidige regering en sy naamlose informante gaan in die beskuldigde-hok te lande kom. So was dit in die verlede. So gaan dit in die toekoms wees. Nog altyd was die „bloed der martelaren de zaad der Kerk".

Almal weet dat die opbruisende nasionale golf wat na die vorige wêreldoorlog in 1924, in kameraadskaplike medewerking met die werkers van die Rand en ander stede, aan bewind gekom het, sy krag en vasberadenheid geput het uit die Kimberleyse gevangene-compounds en die selle van die Johannesburgse Fort wat in 1914-15 volgeprop was met republikeine. **En die golf wat na hierdie wêreld-oorlog aan bewind sal kom, gaan en moet sy krag en vasberadenheid put uit die konsentrasiekampe en die selle van die Johannesbrugse Fort, en ander gevangenisse,** wat in 1939-1944 net soos in 1914-15 volgeprop was met republikeine. M.a.w. uit die Ossewabrandwag en S.J.'s, want wie anders was destyds in daardie kampe en in daardie selle?

### MAAR . . .

Maar, en hier wyk die parallel tussen die Afrikaner-geskiedenis van die vorige wêreld-oorlog en dié van

(Vervolg op bladsy 3, kol 2)

# VOLKSKAS

## Tiende Algemene Ledevergadering

Op die tiende jaarvergadering van VOLKSKAS, gehou in die Hoofkantoor van die Bank te Pretoria, op 6 Oktober 1944, het die Voorsitter, prof. L. J. du Plessis, gesê:

Geagte Vriende,

Dis my 'n eer en genoeë om by hierdie geleentheid die tiende jaarverslag met al die bybehorende state aan u voor te lê en tegelykertyd u goedkeuring te vra vir die oorplasing van VOLKSKAS van die register van Koöperatiewe verenigings na die maatskappye-register.

By hierdie gedenkwaardige geleentheid wil ek graag kortliks as voorsitter enkele opmerkinge maak, wat in drie onderdele sal verval, naamlik: eerstens wat betref die ontwikkeling van ons Bank, tweedens oor landsomstandighede in die algemeen en derdens na aanleiding van die voorgestelde prysgawe van die wetlike koöperasievorm.

Oor die eerste punt sal u in die verslae en state die bewys vind van verdere normale groei. Soos u sal sien, is die sterkste ontwikkeling juis in die tipiese handelsbank-bedrywighede soos lopende rekeninge en voorskotte. Dat die volksbank-aspekte egter nie verwaarloos word nie, blyk o.a. uit die besondere groei van spaarrekeninge en beleggingsertifikate. 'n Verdere opmerklike uitbreiding betref die belegging in geboue wat bedoel is om voorsiening te maak vir bankpersele in al die vernaamste sentra. Uit 'n vergelyking sal u sien dat in die meeste vertakkinge van die bankbedryf VOLKSKAS nou reeds baie goed vergelyk met die kleinste van die „groot drie" op handelsbankgebied in Suid-Afrika. Sy enigste swak punt is dat sy kapitaal te klein is, maar hierin sal, verwag ons, spoedig voorsien word, aangesien die Direksie reeds besluit het om die goedkeuring van die Tesourie om ons kapitaal te verhoog tot £1,000,000, op te volg deur 'n intensiewe kapitaalwerwingskampanje.

In landsomstandighede was daar sedert ons vorige jaarvergadering veral twee belangrike ontwikkelinge, naamlik eerstens die aanmerklike versterking van die posisie van goud, sowel wat die markvooruitsigte betref, as die ontginningsmoontlikhede in Suid-Afrika: dit is natuurlik vir Suid-Afrika in finansiële opsig baie goeie nuus. Tweedens skyn dit asof die einde van die oorlog in die Weste baie nader gekom het en asof die afronding in die Ooste, wat nog 'n tydjie langer sal duur, Suid-Afrika se uitvoer sterk sal bevorder — ook goeie nuus! Maar dit is nuus wat in beide gevalle die vraagstuk van naoorlogse re-organisasie baie meer op die voorgrond stel — en die vooruitsig daarvan is nie so'n onvermengde genot nie!

Vereers sal die re-organisasie ons samelewing nogal ingrypend affekteer, en dan is sy eise so in botsing met die gees van die verlede dat dit ongetwyfeld met groot moeilikhede en woelings gepaard sal gaan, afgesien van die verwarring van die blote oorskakeling van die oorlogs- na die vredes-organisasie. 'n Duidelike voorteken van die groot veranderinge wat ons wag, kan gevind word in die opspraakwekkende rapporte van die Planneraad en die Landbou-Rekonstruksie-Komitee; en die moeilikhede van die rekonstruksie word goed geillustreer deur die stryd in verband met die vleisbemarking wat ons byna deurleef het. Ongetwyfeld sal ons almal voorberei moet wees vir 'n meer sosiale of, as u wil, „sosialistiese" eeu. Wat VOLKSKAS betref, sal dit ons nie so baie moeilik val nie. Want VOLKSKAS is gebore uit die gees van diens en van samewerking. En ons Bank sou dit besonder verwelkom as die rekonstruksie gepaard sou gaan met 'n planmatige oorskakeling van goud na sekondêre nywerhede met gesonde produksie- en prys- en arbeidsreëlinge in die gees van die nuwe eeu.

En dit bring my tot die derde deel van my taak, n.l. 'n kort bespreking van die oorgang van ons Bank tot die maatskappyeregister. Ons hoop dat dit nou reeds vir u duidelik geword het dat hierdie oorgang nie die gevolg is van ontrou aan die koöperasie-beginsel waaruit VOLKSKAS gebore is nie. Die posisie is eenvoudig dat VOLKSKAS se uitbreiding as handelsbank en die ontwikkeling van ons wetgewing in verband met koöperasies en banke dit vir VOLKSKAS onmoontlik gemaak het om verder onder die koöperasie-wet te bly, soos die Direksie al lank uit ervaring begin leer het. Ons moet dus oorgaan tot die maatskappye-register maar daarby wil ons so veel moontlik van ons oorspronklike koöperatiewe karakter bewaar, nie net in ons beleid nie, maar ook in ons grondwet. Daarom bevat die stukke wat ook vanaand aan u voorgelê sal word, o.a. die bepalinge tot beperking van diwidende en van stemkrag.

Die Direksie vertrou dat u hierdie noodsaaklike verandering sal goedkeur en vestig graag u aandag daarop dat die oorplasing sonder skade vir VOLKSKAS alleen moontlik geword het deur spesiale en besonder tegemoetkomende wetgewing waarvoor ons groot dank verskuldig is veral aan die Registrateur van Banke en die Minister van Finansies. By u oorweging van hierdie gewigtige saak sal u ook spesiale aandag moet gee aan die Bank se naam. Die vraag vir u beslissing in hierdie verband kom kortliks daarop neer: Moet VOLKSKAS sy naam behou om te bewys dat hy nie sy karakter en wese prysgee met hierdie verandering van vorm nie, of moet hy 'n meer omvattende naam aanneem om te bewys dat hy 'n nuwe vorm aangeneem het en 'n hoër status in die bankwêreld verower het, of kan hy die twee met mekaar verbind?

Ten slotte ook my vriendelike dank vir die laaste keer as voorsitter in die eerste plek aan ons ondersteuners (let wel: ek volg die orde van invloed en gesag) dan aan die Direkteure, insluitende die geëerde nagedagtenis van ons oorlede Direkteur, mnr. J. J. de Kock, daarna aan die Besturende Direkteur, en eindelik aan die Hoofbestuurder en die verdere personeel, prokureur en ouditeure — een en almal het hulle weer teenoor ons Bank baie verdienstelik gemaak, en die samewerking met hulle was steeds 'n onverdeelde genot. Maar veral moet ek dankbaarheid betuig teenoor ons volk, wat as geheel ons saak tot sy eie gemaak het, en aan God Almagtig wat sy onmiskenbare seën nie weerhou nie.

En in aansluiting aan hierdie bedankings sal my seker ook 'n persoonlike woord gegun word, terwyl ek besluit het om nou af te tree as Voorsitter en Direkteur. Die rede daarvoor is dat dit pad vir VOLKSKAS nou so gebaan en geëffen is en so veilig lyk, dat ek liewers voortaan my kragte wil wy aan onderneminge waar daar nog groter gevaar en avontuur te wagte is, in besonder aan Asokor Beperk, waarvan ek so pas benoem is as honorêre Besturende Direkteur; ook wou ek graag opening maak vir verteenwoordiging van Natal op VOLKSKAS se Direksie.

Mag ek ook die hoop uitspreek dat u voortaan noudat u Direksie, by die oorgang tot die publieke maatskappyvorm, groter verantwoordelikheid sal dra, hulle ook ooreenkomstig sal kan vergoed vir hul waardevolle dienste.

Hierna is die jaarverslag van die direksie en balansstaat aan die vergadering voorgelees en deur die vergadering aangeneem.

DIREKTEURE: Die vier aftredende direkteure, n.l. mnre. J. H. Greybe, J. E. Reeler, S. J. Naudé en P. J. Hugo is herkies.

OUDITEURE: As ouditeure vir die boekjaar 1944/45 is weer benoem die firma's Taylor en Geerling en Price, Waterhouse, Peat en Kie.

Op 'n spesiale ledevergadering wat onmiddellik na afloop van die jaarvergadering gehou is, is die volgende besluite onder meer geneem:

(1) Die direksie van die Bank is versoek en gemagtig om aansoek te doen om VOLKSKAS op die Maatskappye-register te registreer.

(2) Die Akte van Oprigting en Statute wat vooraf aan lede gesirkuleer is, is goedgekeur met sekere wysiginge. Omdat daar 'n moontlikheid bestaan dat die onderskeidelike Registrateurs van Maatskappye en Banke nog verdere wysiginge in die Akte en Statute mag aanbeveel, is die ledevergadering op hierdie punt verdaag tot 17 November 1944, wanneer die stukke finaal deur die lede oorweeg en bekragtig sal word.

(3) Dit is eenparig besluit dat die naam „VOLKSKAS" onveranderd bly met toevoeging van „Beperk" maar vanselfsprekend, met weglating van „Koöperatief". Die naam van die Bank sal derhalwe na registrasie as Maatskappy, wees: „VOLKSKAS BEPERK".


**MARKAGENTSKAP VROEË MÔRE-MARK**

**KAAPSTAD**

BETALING GESKIED ONMIDDELLIK, WEEKLIKS, MAANDELIKS OF SOOS VERLANG.

BESTE HEERSENDE PRYSE.

***MINNAAR & VAN SCHOOR***

Eienaar: GUSTAV RETIEF.

Telefoon 2-0212.


### BALANSSTAAT SOOS OP 30 JUNIE 1944

**BATE:**

| | | |
|---|---|---|
| Kontant op Hande en in Transito ... ... | £ 149,383 3 10 | |
| S.A. Reserwebank ... ... ... ... ... ... ... | 1,610,800 14 8 | |
| Plaaslik geregistreerde effekte ... ... ... | 856,187 10 0 | |
| Vaste Deposito Bouvereniging ... ... ... | 16,150 10 7 | |
| | | £2,632,521 19 1 |
| Onverrekende waardes en remises in Transito ... ... ... ... | | 646,610 12 6 |
| Verdiskonteerde Wissels ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... | | 116,741 12 5 |
| Voorskotte min voorsienings ... ... ... ... ... ... ... ... ... | | 3,009,310 10 7 |
| Kliënte se Verpligtings onder Garansies ... ... ... ... ... | | 182,443 13 8 |
| Bankgeboue teen kosprys ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... | | 320,593 18 9 |
| Kantooruitrusting min Waardevermindering ... ... ... ... | | 28,388 3 7 |
| Ander Bate ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... | | 9,889 0 2 |
| | | £6,946,499 10 9 |

**LASTE:**

| | | |
|---|---|---|
| Ingeskrewe Kapitaal: 584,576 aandele van £1 elk ... ... ... | | £ 584,576 0 0 |
| Gestort ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... | | 356,512 14 4 |
| Algemene Reserwe ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... | | 9,644 18 10 |
| Inkomste en Uitgawe Verdelingsrekening ... ... ... ... ... | | 15,000 0 0 |
| Deposito's deur die Publiek: | | |
| Vaste Deposito's ... ... ... ... ... ... ... | £1,682,544 15 6 | |
| Beleggingsertifikate ... ... ... ... ... ... | 278,903 2 8 | |
| Spaarrekeninge ... ... ... ... ... ... ... | 1,005,702 8 8 | |
| Lopende Rekeninge ... ... ... ... ... ... | 3,326,407 3 5 | |
| | | 6,293,557 10 3 |
| Wissels uitgereik teen Takke en Agente ... ... ... ... ... ... | | 69,618 4 5 |
| Verpligtings onder Garansies ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... | | 182,443 13 8 |
| Stafgetrouheidswaarborgfonds ... ... ... ... ... ... ... ... ... | | 4,634 12 8 |
| Ander Laste ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... | | 6,087 16 7 |
| (Voorwaardelike aanspreeklikheid ten opsigte van die aanbou en aankoop van persele ... ... ... ... ... £55,261.18.10) | | |
| | | £6,946,499 10 9 |

Aan die Voorsitter en Lede,
van VOLKSKAS (Koöperatief) BEPERK,
PRETORIA.

Kragtens Seksie 40(2) van die Bankwet 1942 rapporteer ons dat:

(1) Ons die boeke, rekenings en bewysstukke op die Hoofkantoor van U Maatskappy gehou, nagegaan het, en die sekuriteite ondersoek het of oortuig is van die bestaan daarvan.

(2) Behoorlike boeke en rekenings gehou is.

(3) Ons al die inligtings en verduidelikings verlang, verkry het.

(4) Die bostaande Balansstaat nagegaan is met die boeke van die Hoofkantoor, tesame met die rekenings en State soos deur die takkantore van u Bank gelewer, en wat as korrek gesertifiseer is deur die Bestuurders van die takkantore, en na ons mening so opgestel is dat dit 'n getroue en juiste weergawe toon van die toestand van die Maatskappy se sake op 30 Junie 1944 na ons beste wete en ooreenkomstig die verduidelikings aan ons gegee.

(5) Volgens die informasie tot ons beskikking en volgens ons beste kennis en wete die effekte en alle stukke van die maatskappy behoorlik bewaar word.

(6) Die beheer van die Maatskappy oor sy takke voldoende is, met die voorbehoud dat dit nie vir ons moontlik is om vas te stel of die instruksies aan die Amptenare aan die takkantore behoorlik uitgevoer is nie, aangesien ons nie die boeke van die takkantore nagegaan het nie.

(Get.) TAYLOR EN GEERLING,
Geoktrooieerde Rekenmeesters (S.A.)

(Get.) PRICE, WATERHOUSE, PEAT EN KIE.,
Geoktrooieerde Rekenmeesters (S.A.)

PRETORIA, Augustus 1944.

# Slagoffers Van Die Empire 1939-44



Hieronder volg 'n lys van 'n gedeelte van die Afrikaners wat in die huidige Empire-oorlog deur die konsentrasiekampe van die Britse Empire gesleep is of nog daarin verkeer.

Die opoffering en lyding van hierdie manne, genoemd of ongenoemd, is vir alle tye gegraveer op die ererol van die Afrikanerdom. Hulle is die brug tussen die vryheidstrewe van die verlede en dié van die toekoms.

Weens gebrek aan plaasruimte moes slegs 'n gedeelte van die name gepubliseer word. 'n Aanvullende lys word later gepubliseer.

## ERerol

J. Trumpelman,, O. L. Nel, C. L. de Jager, S. O. Eklund, E. P. Mostert, E. H. van Biljon, H. G. Schwieckerdt, J. Bosch, G. E. F. Kuhn, A. Fourie, J. Ferreira, F. J. Keyser, A. M. Laas, P. F. v. d. Wath, L. Nortje, W. J. Pieterse, F. P. Smith, C. H. Espach, J. H. Slabbert, B. J. Kleinhans, B. F. Burger, Z. A. van Rensburg, J, Louw, Jan Esterhuizen, J. J. Solkus, L. J. Venter, G. M. J. du Preez, R. J. A. Joubert, J. G. S. Bosch, H. T. Johnson, P. Frey, M. H. Rautenbach, H. G. D. Cochrane, E. Krause, A. E. Marx, P. C. Combrink, J. van der Merwe, R. J. Kruger, J. W. J. Joubert, J. H. Muillert, J. P. H. Maree, J. G. Rautenbach, P. J. van Rooyen, R. Snyman,, J. W. Coetzer, J. R. Theunissen, C. C. Klopper, F. J. Lamprecht, W. J. de Wet, Dirk Pretorius, Johann von Zeigler, L. J. Marais, A. Neveling, ,A. J. H. Stander, J. van Z. Alberts, W. J. Rothmann,, Frikkie Rosslee, A. J. Joubert, Christo Neethling, Fred Fobian, P. Mynhaardt, P. F. Meyer, C. H. Badenhorst, L. Nel, Ernst J. G. Norval, H. Robinson, L. C. Beyers, B. Kölder, P. J. van Biljon, H. S. Burger, C. R. Jansen van Vuuren, J. F. van der Merwe, K. Vollenhoven, C. J. S. Coetzee, G. R. Ockerse, H. M. du Preez, C. Hoffmann, W. A. Kretchmar, H. A. Schoeman, S. Arens, D. R. Bingham, L. W. Kopke, P. W. R. Zerwick, B. P. le Roux, G. J. Grobbelaar, C. J. Conradie, A. A. du Toit, M. J. Lourens,, J. D. A. van Biljon, W. A. Odendaal, S. J. van Rensburg, J. G. Scheepers, P. B. Jasobs, J. J. Calitz, Roelf J. Schultz, C. Bekker, P. H. S. Pieterse, W. J. B. Pretorius, J. H. Meiring. H. J. L. Kriek, K. Rademeyer, H. F. Malan, G. J. de Waal, A. Cornelissen, J. Beyers, F. Engelbrecht, J. P. Jordaan, M. P. F. J. van Rensburg, J. Kruger, D. C. Treurnich, H. J. Schwim, H. H. Rautenbach, G. J. Hansen, D. Eloff, G. Eloff, H. Baumann, J. C. J. van der Westhuizen, D. Crotz, L. P. B. Noothout, L. C. Pretorius, M. J. Toerien, D. C. S. van der Merwe, H. G. Stoker, I. M. Prinsloo, L. L. Noothout, M. B. de Wet, B. J. Vorster, F. A. Coetzee, S. F. Frankfort,, D. J. Strauss, H. C. Boshoff, P. Z. Gerber. J. J. Coetzee. O. H. J. Seyffert, P. F. Anderson, J. F. Marais, E. von Elling, D. du Toit, A. J. Smith, ,G. J. Schwimm, P. P. du Plessis, H. C. Havenga, J. A. du Plessis, S. J. Burger, H. Kuperus, G. van der Walt, S. Shcultz, J. L. P. Fourie, S. W. Greef, L. A. Lessing, J. P. de Witt, L. J. Cremer, G. P. Oosthuizen, P. H. Zietsmann, E. N. Pohl, P. A. Marais, R. J. A. Joubert, W. F. W. Dedekind, Eugene Rottchen, O. Stoppel, A. H. Marx, J. C. Vogel, H. Greef, J. L. Coetsee, S. J. Snyman, H. Viljoen, S. Hanekom, A. L. Botha, G. J. Venter, L. H. W. Hornschuh, S. Liebenberg, P. J. W. Marais, P. Lourens, C. Lombard, P. E. Malan, A. J. Lessing, G. Schnettler, J. Ackermann, H. Lloyd, C. P. van der Walt, J. Hennig, D. G. Kennedy, H. E. K. Kriek, H. E. Wentzel, P. Kaap, S. C. van Rooyen, L. Dreyer, F. W. Liebenberg, Peppie Schutte, Sollie Prinsloo, J. P. Prinsloo, D. J. van Wyk, A. J. du Preez, W. C. Coetzer, F. P. Bothma, B. S. Rothman, A. J. Beetge, A. J. de Waal, P. S. Marais, J. Broodryk, J. van der Westhuizen, W. A. Willers, L. Snyman, J. Bredenhann, A. Stander, L. Malan, H. J. Steyn, P. J. Wagener, P. van der Nest, J. P. Schoeman, W. Fourie, A. B. Joubert, J. H. A. Zeelie, P. J. van Heerden, W van Zyl, L. Coetzee, R. F. van Niekerk, B. van der Walt. J. B. Vosloo, S. P. Bothma, J. F. le Roux, A. H. du Preez, H. F. M. de Kock, J. P. du Toit, C. J. Botha, H. J. Venter, Niek Pretorius, B. G. Bieldt, M. C. Genis, D. J. Mare, P. Luitingh, J. du Plooy, D. J. Snyman, W. Pretorius, M. O. B. Englebrecht, H. M. S. Marais, M. G. Doulell, G. F. Ingram, H. A. Heyl, C. A. Cronje, W. P. du Plessis, H. T. Stegen C. de Wet, C. Wortmann, E. Bonthuys, L. de Jong, W. H. Kruger, J. J. Smit, A. H. Lubbe, P. van den Bergh, M. J. Pretorius, L. F. Keyter, H. J. Neser, J. D. Frey, E. Krause, J. J. Solkus, F. W. Mueller, W. F. Nolte, J. C. Pretorius, C. J. Joubert, L. Gouws, J. M. de Klerk, William J. Smith, K. Kruger, D. J. Winterbach, M. Greyling, H. J. Bester, J. Botha, A. S. Bouwer, J. W. du Plessis, D. J. Steenkamp, H. J. Storm, T. E. D. van der Merwe, P. P. Louw, J. J. A. Lombard, J. P. R. van Heerden, A. M. C. Theron, S. W. Matthee, I. J. Ferreira, E. J. van der Merwe. J. L. Fourie, M. J. Herbst, J. H. Miering, P. van der Wath. J. G. S. Nel, A. I. P. Gerber, J. Kielblock, S. S. Snyman, M. J. van Jaarsveld, P. D. Coetzee. J. L. Fourie, F. J. R. Joubert, A. M. Meiring, B. M. Keulder, M. J. Meiring, J. H. Meiring, G. J. Muller, S. J. de Wet, J. Stoltz, C. J. Smit, D. J. Strauss, H. Lloyd, C. J. Botha, W. Kettlitz, L. R. de Klerk. J. Snyman, P. Riekert, M. P. van Rooy, J. H. Robbertse, F. J. Ferreira, A. Rosslee, T. J. Kruger, A. W. Kruger, T. J. Kruger, A. S. Dunne, T. J. van Niekerk, Chas. van Rensburg. Jan H. Pienaar, Chris Neethling, J. J. Fick. M. S. F. Grobler, J. P. Gous. Stephen H. Eyssen, F. M. J. van der Walt.

---

(Vervolg van bladsy 1, kol. 4)

hierdie wêreldoorlog uitmekaar, **wie moet in die na-oorlogse jare op die volkspolitieke terrein daardie lyding en offerande vertolk? Wie moet die besielende fakkel van uit die konsentrasiekamp en die tronkselle dra na die jeug en na die volk?** Die mense wat gesê het „Ja, ek sal (die speurders) help?" of die wat publiek verkondig het dat die strydende geledere „binnekringe en S.J.'s" had; dat „die S.J.'s van masjiengewere praat en van handgranate — ja selfs van vliegtuie?" of dié wat hul gehoor egter getroos het met die versekering dat die „S.J.'s krioel van generaal Smuts se spioene" en sodoende „luide toejuiging" order hul gehoor uitgelok het? Die wat skritfelik en met voorbedagte rade in hul pers selfs die Christelike strewe om die noodlydende vrouens en kindertjies van die kampe en selle se offers te help, wou verydel en belemmer deur selfs betaalde advertensies van Noodhulpfunksies te weier — terwyl advertensies van Joodse protesvergaderings teen Duitsland en oorlogskavalkade-advertensies geplaas was? **Moet hierdie manne, na die storm verby is, die voorspraak word van kamp en tronk? Soos een man sou die S.J.'s en die Brandwagte in kamp en tronksel die heftigste protes aanteken teen SULKE VERTOLKERS van hul ideaal en lyding.**

Nee, die kernverskil tussen die situasie in verband met die besieling en offers van die vorige wêreld-oorlog en dié van die huidige is dit: destyds was **daar Goddank 'n parlementêre opposisie wat in nouste voeling en simpatie met die aktiwistiese element, met die ingesetenes van kamp en tronksel, was. Die martelare en gevonniste Afrikaners en hul vrouens en kindertjies kon die voordrag van hul saak, hul versugtings en hul offers, met vertroue oorlaat aan die destydse parlementêre front onder generaal Hertzog, m.a.w. aan die Nasionale Party van destyds.**

**Kan die geïnterneerdes en gevonnistes van die huidige stryd met dieselfde vertroue die saak oorlaat aan die huidige opposisie, die H.N.P., wie se leiers hulle by die regering en die speurders gaan verkla het, en wie se pers nie net hul strewe maar ook die versorging van hul families probeer verongeluk het?**

Voordat hulle DIT toelaat soek die gevange republikeine hul eie parlementêre vertolkers, desnoods uit hul eie geledere.

---

**Die O.B. wou tydens die oorlog nie veel nadruk op die parlementêre front lê nie — dit was verkeerd in die oë van die politici.**

**Die O.B. lê tans bietjie meer nadruk op die parlementêre front — dit is eers verkeerd in die oë van die politici.**

PLUIMVEE
Die Beste Firma om u PLUIMVEE, EIERS en ander PRODUKTE aan te stuur is:
C. M. ELOFF EN KIE.
(Edms.) Beperk
MOREMARK (Posbus 7185) NEWTON

SASBANK
Verrig Volksdiens!
Lenings vir gesalarieerde persone verkrygbaar
Terme uiters billik.
RAADPLEEG SASBANK
PAARL:— Posbus 266
WORCESTER:— Posbus 57
KAAPSTAD:— Posbus 2387



DIE O.B., WOENSDAG, 1 NOV. 1944

# Rol van die Kerk

In hierdie dae waarop die groot Kerkhervorming van 'n paar eeue gelede herdenk word, is dit paslik om 'n paar gedagtes oor ons kerk uit te spreek. Die kerk as stigting van Christus self is bestemd om te bly tot aan die einde van die dae — die poorte van die doderyk sal dit nie oorweldig nie. Dit is dan ook 'n instelling waarmee die staat of politiek gedurig rekening moet hou. Selfs die goddelose bolsjewisme het bevind dat hy op die lange duur nie die kerk kan onderdruk nie; hy moes sy bestaan uiteindelik weer erken. Vir Suid-Afrika met sy godsdienstige tradisie is dit nog meer noodsaaklik dat daar goeie samewerking tussen kerk en owerheid moet wees. Want een ding is seker, 'n staat wat vyandig staan teenoor die godsdiens of kerk van die Afrikanervolk kan geen volkstaat wees nie. As hy die karakter van die Afrikanervolk wil weerspieël, sal die staat ook die godsdienstige beginsels soos in die kerklike belydenis saamgevat, moet erken.

Vir die Ossewabrandwag as volksbeweging met sy eenheidsgedagte is die kerk 'n instelling waarna met dankbaarheid opgesien kan word. **In 'n tyd toe ons volk deur die partypolitiek versnipper was en volksgenote weens hul partylidmaatskap uit die gemeenskap gewerp moes word, en toe sommige selfs nie eens op kultuurgebied dit met vrymoedigheid kon waag nie, het die kerk nog altyd 'n besef van eenheid laat voortlewe. Binne die kerk kon politiekverjaagde Afrikaners nog altyd weer as broers saamkom. Die organiese eenheid van die Afrikanervolk is deur die kerk bewaar.**

STRY SAAM

Daar mag ook nie vergeet word nie wat die volk te danke het aan sy kerklike leiers wat in tye van nasionale krisis steeds op die voorpunt gestaan het. Die predikante van ons Afrikaanse kerke het in donker tye die lig van ons volkskap op elke plekkie in ons land brandend gehou. Ons dink maar aan die talle predikante wat in die verlede met die Empire-tronk moes kennis maak, tot so'n mate dat die moderatuur van een van ons kerke eenmaal vir die meerderheid bestaan het uit manne wat die tronk van binne geken het. Ook in die huidige stryd teen die Empire het dit die konsentrasiekamp en tronk nie aan predikante ontbreek nie.

Dit spreek vanself dat daar ook kerklike leiers is wat onder die invloed van die partypolitiek en sy pers verskillende politieke oortuigings handhaaf, maar dit is 'n gevaarlike neiging wat in die jongste tyd ontwikkel om die kerk as sodanig verantwoordelik te hou vir die menings en optrede van enkele van sy lede. En waar daar deur sommige predikante vandag ook teen die Volksbeweging politieke vooroordele opgewerp word, moet daar versigtig onderskei word tussen sulke persone en hul kerklike ampte. Daarby moet onthou word dat hierdie mense ook maar soos alle ander volksgenote hul oortuiging vorm na die inligting wat hulle bereik. **Die Ossewabrandwag wat as eenheidsbeweging oor die tydelike politieke opvattings van die volksgenote wil heenkyk na die diepere eenheid van lotsgemeenskap, kan dan ook oor hierdie verskille heenkyk as dinge van verbygaande aard.** Aan die ander kant bring dit ook vir die predikant die plig mee om nie die indruk te skep dat hy die beginsels van die een of ander partykonstitusie hoër ag as die beginsels van Gods Woord nie.

HERVORMING NODIG

Waar ons in die bresse tree vir die kerk, beteken dit nog nie dat die kerk volmaak is nie. Die sonde is ook binne die aardse kerk en waar sonde is, is daar verval. Daarom is voortdurende hervorming vir die kerk noodsaaklik. Gelukkig dat die kerk self dit besef en dat ons reeds die aanduidings vind op kerklike vergaderings waar daar teen verkeerdhede in die boesem van die kerk opgetree word. Een van die groot gevare waaraan die kerk in hierdie kapitalistiese eeu blootgestel was, is die neiging tot materialisme wat o.a. ook geopenbaar word in die ongelukkige verskynsel dat so baie nie meer die predikantsamp as 'n heilige roeping van God beskou nie, maar as 'n betalende beroep. Teen hierdie euwel van verwêreldliking sal die kerk kragdadiglik moet optree indien hy sy posisie in die volkslewe wil handhaaf, want sonder om te oordryf meen ons dat hierdie kwaad een van die hoofoorsake is dat die kerk op 'n deel van ons volk sy houvas begin verloor. Maar ook dit is 'n saak wat ons met vertroue aan die kerk self kan oorlaat in hierdie tyd van sosiale ontwaking.

Hoofsaak is dat van albei kante besef moet word dat kerk en staat saam moet werk en dat so'n samewerking wel moontlik is in 'n atmosfeer van opregtheid en vertroue.

# 'n Redevoering en die Oorlogsfronte

(Deur Prof. J. A. Wiid.)

Premier Churchill wat volgens eie woorde „soos 'n dolende troubadour van die een hof na die ander reis", het weereens na sy besoek aan Moskou 'n redevoering voor die Britse Laerhuis gehou. As handige politikus herinner hierdie toespraak aan die kok wat 'n eiergereg wou berei sonder om die eiers te breek. By dergelike toesprake, en dit geld nie alleen vir Churchill nie, is dit nie altyd die belangrikste dinge wat gesê word nie maar wel die dinge wat verswyg word.

Volgens Churchill vestig die vyand sy hoop op twee oorwegings. Die eerste is dat hy deur die stryd te verleng die Geallieerdes se vasberadenheid kan verlam. Die tweede en belangriker hoop is dat verdeeldheid kan ontstaan tussen die drie moondhede wat teen hom veg en wie se eenheid sy ondergang beteken. Aldus Churchill.

Die Britse Premier verswyg dit egter dat die vyand ook sy hoop op ander oorwegings vestig, soos Duitse eenheid, Duitse verdedigingstelsels op eie terrein, nuwe Duitse wapens en chaotiese toestande in die „bevryde" lande agter die Geallieerdes se oorlogsfronte. Dit sou interessant wees om uit die mond van die Britse premier iets te verneem oor heersende toestande in „bevryde" lande soos Italië, Frankryk, België en Griekeland.

Dit is alleen aan die halfpad „bevryde" Pole waaraan Churchill veel aandag gewy het. Volgens Sapa-Reuter het die Poolse vraagstuk by verre die grootste gedeelte van die toespraak in beslag geneem. Dit is egter nie die onskendbaarheid van die Pole van 3 September 1939 waaroor in Moskou of in die redevoering voor die Britse Laerhuis gepraat is nie, maar veral oor Brits-Russiese verhoudings insake **'n nuwe Pole met 'n nuwe regering en nuwe grense** dat 'n hele boel minseggende vaë gemeenplase wêreldkundig gemaak is.

In hierdie Poolse saak is daar volgens Churchill twee beslissende strydvrae. Die eerste sou wees die kwessie van die oosgrens tussen Pole en Rusland en die Curzon-linie, asook die **nuwe gebiede wat in die noorde en in die weste aan Pole toegeken moet word.** Die tweede is die verhouding tussen die Poolse regering en die Poolse nasionale bevrydingskomitee in **Lublin.** (Ek onderstreep).

Wat die tweede strydvraag betref, kan ons maar net sê dat dit glad nie gaan oor die verhouding tussen die Poolse regering in Londen en die Poolse bevrydingskomitee van Lublin nie, maar oor die verhouding tussen Rusland en sy Angel-Saksiese bondgenote.

As Churchill, wat die eerste strydvraag betref, daarmee akkoord gaan dat „nuwe gebiede", d.w.s. Duitse gebiede aan die Pole toegeken moet word as vergoeding vir gebiede wat aan Rusland toegestaan sal word, dan openbaar hierdie toespraak, soos alle wraaktoesprake van die oorlog, meer hitte as lig. Hy sal dan aandadig daaraan wees om 'n nuwe strydvraag, 'n nuwe „Poolse korridor", en „Vrystaat van Danzig", te skep en die saad vir n toekomstige oorlog te saai. Die geskiedenis immers lewer volop bewyse dat lewenskragtige volke soos die Duitsers en die Russe militêr wel verslaan maar nooit vernietig kan word nie.

Dit is egter sterk te betwyfel of Churchill wel in staat is om Russiese aansprake in Pole daadwerklik teen te gaan. Vandaar dan ook sy Jobstroos aan die Britse Laerhuis: „Ek wens dat ek die raad kon meedeel dat ons 'n oplossing vir hierdie vraagstukke gevind het". 'n Mens wonder of die parlementslede wat hul Premier aangehoor het, veel tyd en lus vir Poolse vraagstukke het. In die sesde oorlogsjaar sal hul eie huishoudelike vraagstukke wel legio wees.

DIE OORLOGSFRONTE

Aan die front kom die oorlog steeds nader aan Duitsland. In die weste sowel as in die ooste word daar reeds op Duitse grensbodem geveg. Die Geallieerdes het in Frankryk en België groot militêre suksesse behaal. Hul vinnige vordering in hierdie twee lande het 'n spoedige ineenstorting van die Duitse militêre front soos in 1918 in hoopvolle vooruitsig gestel. Groot moet dus die teleurstelling wees dat i.p.v. 'n Duitse ineenstorting, 'n hardnekkige en bittere Duitse weerstand die blitsveldtog van die Geallieerdes tot feitlike stilstand gebring het. Die Geallieerdes se vordering in die weste het uiters langsaam geword. Holland het i.p.v. 'n deurgangspoort na die Duitse Ruhr-gebied, 'n slagveld met al sy verskriklikhede geword. Ook in Italië geskied die frontverskuiwing volgens slakkegang. En dit alles op die vooraand van 'n nuwe winter!

Aan die Russiese en Balkanfronte het die Duitsers ernstige terugslae gely. Die frontverandering van Finne, Roemeniërs en Bulgare van bondgenote in vyande is 'n belangrike oorwinning vir die Geallieerdes en veral vir die Russiese bondgenoot. Maar ook in die ooste kan daar van 'n Duitse ineenstorting, deur die oorlogspropaganda so dikwels in die vooruitsig gestel, geen sprake wees nie. In Oos-Pruise maak die Russe geen vordering nie. 'n Lewenskragtige volk met sy rug teen die muur en „onvoorwaardelike oorgawe" in die vooruitsig, kan hom hardnekkig weer.

Ook in die Verre Ooste het daar in die jongste tyd groot seeslae plaasgevind. Amerikaners sowel as Japanners maak aanspraak op indrukwekkende oorwinnings. Die toekoms sal moet leer of die Amerikaners weereens gebruik maak van „Pearl Harbour Mathematics", of hul oorwinning 'n politieke betekenis in verband met die aanstaande presidensiële verkiesing het, en of die Japanners hul oorlogsmoraal met denkbeeldige oorwinnings wil dokter en opfris.

N.S. — In die laaste artikel „Waarheen, O Brittanje?" het 'n lelike drukfout voorgekom. Daar staan dat die Britse nasionale skuld op die vooraand van die laaste Wêreldoorlog maar **drie-kwart miljoen pond** bedra het. Dit moet natuurlik wees **drie-kwart miljard pond** teenoor die **24 miljard pond** wat die huidige oorlog Brittanje reeds kos.

## PARYS IN GREEP VAN KOMMUNISME

Volgens The Guardian word in Parys veertien dagblaaie uitgegee sedert die „bevryding" van die Franse hoofstad. Die kommunistiese blad L'Humanité het 'n sirkulasie van 200,000, die sosialistiese Populaire 160,000 en die ander twaalf tesame slegs 120,000.

## O.B.-Dagviering

**te MERWEVILLE**

**op 10 November 1944**

**vanaf 9-uur vm.**

Alle Brandwagte van die Kommando word seker verwag, en Brandwagte van naburige Kommando's word hartlik uitgenooi.

**BRING U JUKSKEIE SAAM.**

Gebieds-Generaal

**F. DU T. VAN ZYL**

sal die Brandwagte toespreek asook 'n

**PUBLIEKE VERGADERING**

die aand in die

**Kerksaal**

om 7.30 nm.

Kom almal en help om die Fondsdag 'n reuse-sukses te maak.

IS U KAR BAIE BESKADIG IN 'N ONGELUK?

Bring dit na ons en sien die resultaat ! !

**ROELOU BARRY (Edms.) Bpk.**

ROBERTSON — MONTAGU — BONNIEVALE — LAINGSBURG.

Ons spesialiseer in bakwerk, veral ongeluk en meganiese herstelwerk, en smeer van Karre.

Agente vir: Ford, Firestonebande en Plaasgereedskap.

VINNIGE EN DEEGLIKE DIENS GEWAARBORG.

**KERSFEESKAARTJIES**

*Kersfees en Nuwejaar kom! Bestel nou!*

Pragtigste versameling ooit aangebied.

Prys 6/- per dosyn posvry.

Kontant by bestelling.

*Alleen die Boerejeug-hoofkwartier is vanjaar deur die Organisasieleier gemagtig om kerskaartjies te versprei.*

Bestel regstreeks deur

Die Boerejeug, Posbus 5754, Spoorbondgebou, JOHANNESBURG.

## Reisplan van Genl. J. de Vos van Organisasiehoofkwartier in Oos-Kaapland

| PLEK | DATUM | TYD |
|---|---|---|
| JOUBERTINA | MAANDAG 13 NOVEMBER | 8-uur n.m. |
| KARREEDOUW | DINSDAG 14 NOVEMBER | 2-uur n.m. |
| HUMANSDORP | DINSDAG 14 NOVEMBER | 8-uur n.m. |
| PORT ELIZABETH | WOENSDAG 15 NOVEMBER | 7.30 n.m. |
| KIRKWOOD | DONDERDAG 16 NOVEMBER | 8-uur n.m. |
| SELBOURNE | VRYDAG 17 NOVEMBER | 8-uur n.m. |
| ALEXANDRIA | SATERDAG 18 NOVEMBER | 8-uur n.m. |
| OOS-LONDEN | MAANDAG 20 NOVEMBER | 8-uur n.m. |
| KOMGHA of STUTTERHEIM | DINSDAG 21 NOVEMBER | 8-uur n.m. |

Alle verdere besonderhede sal plaaslik bekend gemaak word.

# „Boerejeug Gaan Vrye Volk Van Suid-Afrika Wees"

## Leiers Spreek Puik Laertrekking toe Op Oom Paul se Plaas

**Op Boekenhoutfontein, die geskiedkundige plaas van Paul Kruger, het die Boerejeug van die Ossewabrandwag tussen 30 September en 7 Oktober 'n baie puik laer getrek vir dames-offisiere. Dit was die eerste van sy soort wat in ons land gehou is. Ongeveer 60 dogters het uitgespan op hul eie stukkie grond, wat deur die huidige eienaar van die plaas, oom Piet van Wyk, in bruikleen aan die O.B. afgestaan is. Die middelpunt van die kampterrein en die verrigtings was 'n pragtige ou wildevyeboom wat rondom sy 30-treë dikke stam koelte en 'n skaduwee van 90 treë in deursnee aan die laergangers gebied het.**

Ongeveer 20 seuns van die plaaslike afdeling van die Boerejeug het die laer bygewoon ten einde spesiale take te verrig.

Woensdagaand, 4 Oktober, was dit 'n gewoel en gewemel in die laer. Besoekers het van omliggende dorpe en plase oorgery om na die Kommandant-generaal en die Adjunk-kommandant-generaal te luister, wat dié aand in die laer sou optree. Die dogters en die seuns het die twee leiers vergas op musiek, sang en voordrag en allesins 'n geslaagde konsert gehou voordat die leiers aan die woord gekom het.

Die Kommandant-generaal het die Boerejeug opgeroep tot die republikeinse stryd en verklaar dat as die A.K.G. op 15-jarige leeftyd die Empire kon opdons, waarom kan die seuns en dogters van vandag dit ook nie doen nie. As die vrou en die kind goed genoeg is om vir die Empire te ly, dan is hulle gewis ook goed genoeg om teen die Empire te stry. Sestig dogters in 'n laer, wat die regte opleiding geniet en besiel is met die regte gees, gaan vir John Bull somar baie hoofbrekens besorg, het die K.G. gesê.

**Dr. Van Rensburg het verklaar dat die O.B. 'n nuwe gees in die volk se lewe ingedra het. Vir 40 jaar het die volk nie gesoek na wat „goed en edel" was in 'n man se verlede nie — maar wel na sy politieke partyskap. Die gedagte vir 40 jaar was dat 'n man nie noodwendig 'n held is as hy dapper in die Driejarige Oorlog geveg het nie — nee, hy is alleen 'n held as hy aan 'n spesifieke party behoort. Vir die O.B. is alle Afrikaners helde wat dapper vir hul volk stry of gestry het. Die O.B. smeer geen mede-Afrikaner swart nie of beklad hom nie. As hy niks goed van hom kan sê nie, dan bly hy stil omtrent hom. Dit is 'n nuwe gees hierdie — 'n vanselfsprekende gees vir ordentlike mense — maar dit was nie altyd so nie. ...**

### SAL EINDE SIEN

'n Geweldige oorlog skud vandag die hele wêreld, het die K.G. aan die seuns en dogters gesê. Dis 'n oorlog waarin die O.B. en die Empire albei betrokke is, en gedurig betrokke is. Selfs vanaand, op hierdie rustige plaas van President Kruger, hou die Empire 'n wakende oog oor die jeug van die Boere. Maar ek sê vir julle, het die K.G. onder uitbundige toejuiging uitgeroep, julle is nog jonk genoeg om die end van die Empire te sien.

**Die K. G. het gesê dat 'n volk nie gemaak of gebreek word deur wat in die koerante geskrywe word nie. Wat vandag in die koerant verskyn is more reeds vergeet, maar die geskiedenis sal uitwys dat die Afrikanervolk sy republikeinse inspirasie gedurende die oorlogsjare geput het uit die manier waarop die O.B. van die een konsentrasiekamp en tronk na die ander gegaan het. Die K.G. het voorbeelde aangehaal van die gees van offervaardigheid en kameraadskap wat in die O.B. heers.**

As dit die gees van die O.B. is, het die K.G. verklaar, dan sal ons, wanneer ons Heldedag vier, nie alleen hulde bring aan die helde van die verlede nie, maar seer seker ook aan die helde van die hede. En in hierdie gees het die O.B. besluit om op Koffiefontein, in sig van die geïnterneerdes, Heldedag te gaan vier. Maar die regering het die viering belet. Na ses jaar van stryd gebruik die regering vandag nog sy noodregulasies teen die aanstormende Ossewabranwag, en na ses jaar van offers en bloed en trane, is die regering se vrees vir die helde van die O.B. nog so groot, dat hy hulle verering met sy noodregulasies wil dooddruk. Maar daardie vergadering sal gehou word, ten spyte van die noodregulasies.

Julle is die jeugfront van hierdie Ossewabrandwag, het die K.G. gesê. Julle het in genl. Dirk van Rooy 'n besonder knap leier. Daar mag net sulke goeies wees, soos hy, maar beter kan nie gevind word nie. Julle is onoorwinlik; daar is vir julle net een weg oop — en dit is die weg van oorwinning, het die K.G. besluit.

### GENL. SMITH

Ons vergader vanaand op gewyde grond, het die Adjunk-kommandant-generaal verklaar. Hier op Boekenhoutfontein het die gees van Paul Kruger groter en ruimer geword. Kruger het homself net een taak gestel, nl. die handhawing van ons vryheid. En vandag! Vandag is ons bywoners in die vaderland wat Kruger vir ons skoongemaak het. Dink vir 'n oomblik aan die Vryheidsideaal van 'n Kruger en oorweeg vir 'n oomblik dat ons — die volk van Kruger en julle, die dogters van ons volk, vanaand op sy ou plaas deur speurders van die Empire moet opgepas word. Is dit nie 'n galbitter gedagte nie! **Maar een ding weet ons, het die A.K.G. verklaar, dat u, die Boerejeug, nooit die handlangers van die vyande van ons vryheid sal wees nie; nee, u gaan die vrye volk van S.A. wees.**

Die Boerejeug moet volg in die skoene van die groot O.B., het genl. Smith gesê. Hierdie laers is opleidingskole waar die seuns en die dogters gereed gemaak word om getroue brandwagte en bekwame offisiere van die volwasse Beweging te word. Vir die seuns wat die Boerejeug verlaat, staan die deure van die O.B.-wag oop en daar vind die jong mans dan ook 'n natuurlike tuiste. **Nou kan ek verklaar, het die A.K.G. gesê, dat besluit is om ook vir die jong meisie wat die Boerejeug verlaat, 'n besondere plekkie in te ruim in die volwasse beweging. Daar is nl. oorgegaan tot die skepping van 'n Vroue-wag waar die jong dogters besondere en spesifieke opleiding sal ontvang, ten einde hulle te bekwaam vir hul besondere taak in diens van die volk.** Die vrou ly die swaarste onder die gewetenlose vervolging waaraan mans en seuns deesdae blootgestel is, net soos dit ook weer sy is wat die ellende van kapitalistiese uitbuiting die intiemste ervaar. Daarom is dit goed en reg dat die vroue en dogters opgelei en gedissiplineer sal word om die O.B. se wapen — sy onverbiddelike wil om vry te wees — sterk te maak ,het die A.K.G. ten slotte verklaar.

Die laer was onder bevel van hoofkommandant A. P. van Heerden, wat bygestaan was op bekwame wyse deur hoofkommandant Smith (Administratiewe ofisier); kommandante W. Dannhauser (Laer-komdte.); hoofkomdt. I. M. van Rooyen (Wagkommandant); komdte. G. Breedt (Noodhulp-offisier); komdte. H. J. Smith (Laermoeder); en komdte. C. van Wyk (Kommissariaat).

Verskele offisiere het die laer van tyd tot tyd besoek ten einde lesings oor allerlei onderwerpe aan die dogters te gee.

Saterdag, 7 Oktober, is die laer beëindig, met 'n optog deur die strate van Rustenburg en 'n kranslegging by die Kruger-beeld. Die laergangers was ook die more die gaste van die Magaliesbergse Ko-operatiewe Tabakplantersvereniging, die werksplase waarvan hulle besigtig het.

# Duitsland Moet Ondergehou Word Deur Middel Van Partystelsel

**Die Geallieerdes het 'n groot skema aangekondig vir die besetting van Duitsland na die oorlog. Een van die doeleindes van die stelsel is om „die skepping van politieke partye ander as die Nazi-party" moontlik te maak. Die Nasionaal-sosialistiese Party sal ontbind word, so lui die verklaring.**

**Hierdie party wat na 'n vyf- of sesjarige oorlog deur die Geallieerdes ontbind moet word, is deur 99 persent van die Duitsers aanvaar met sy beleid en al. Hitler het vooruit aangekondig dat hy die partystelsel gaan afskaf en die Duitse volk het dit as 'n geheel goedgekeur. Nou wil die Geallieerdes teen die wense van die Duitse volk die partystelsel weer invoer. WAAROM? OMDAT HIERDIE VERROTTE STELSEL 'N VOLK MAGTELOOS MAAK EN HY DAN DEUR UITLANDSE EN INTERNASIONALE BLOEDSUIERS UITGEBUIT KAN WORD SOOS OOK MET SUID-AFRIKA GEBEUR. DIE PARTYSTELSEL IS DIE WAPEN VAN DIE INTERNASIONALE GELDMAG!**

### DEMOKRASIE BRING KOMMUNISME

Die Britse nuusdiens berig uit België dat die linksgesinde liberaliste en sosialiste dit oorweeg om saam te werk met die „magtige kommunistiese groepe" met die oog op 'n nuwe regering in België.

Weer 'n bewys vir ons stelling: waar die demokrasie wen, regeer die kommunisme. Indien die demokratiese partypolitiek in ons land wen, gaan die kommuniste regeer. Die stryd is tussen die Ossewabrandwag en die kommunisme, en tussen hulle alleen.

### PAARLSE VROUE LEER IN VRIENDSKAPSENTRUM

Die O.B.-Vriendskapsentrum van Paarl het van 1 September af 'n begin gemaak om elke Vrydagmiddag om 4-uur kortliks 'n interessante lesing of demonstrasie te hou en te bespreek. Hier volg sommige van die onderwerpe: Die opvoeding van die voorskoolse kind; knip van patrone; huishou-wenke en reseppe; die maak van koeldranke; blommerangskikkings; tuisverpleging; aantreklike slaaibakke; naaldwerk-demonstrasies; maatskaplike sorg en gesondheid; oorskiet-geregte; kunswaardering; tafeldek en bediening.

Verder is ook reeds 'n aanvang gemaak met 'n gesamentlike stuk naaldwerk vir 8 Aug. 1945.—(Ingestuur).

### REGERING SLAAN GELD UIT VOLKSNOOD

Mnr. J. R. Sullivan, L.V., het verlede week in Durban verklaar dat die regering buitensporige wins op die verkoop van aartappels maak. Die regering koop ingevoerde aartappels teen agt pond vir 1s. en verkoop dit dan teen vier pond vir 1s. Deur 'n ander spreker is verklaar dat die regering reeds £7,000 wins op aartappels in Durban gemaak het.

## SEUNS STAP 150 MYL

**Ongeveer twintig Pretoriase seuns van die Boerejeug het die 150 myl tussen Pretoria en Boekenhoutfontein en terug, te voet afgelê, en het 'n dag en 'n half in die laer vertoef.**

**Hierdie staptoer was die eerste van sy soort wat deur seuns van die Boerejeug onderneem is, en het plaasgevind om die moontlikhede van staptoere uit te toets. As gevolg van die sukses van die toer en die gloed en geesdrif wat dit by die seuns gewek het, is besluit om hierdie soort aksie op uitgebreide skaal toe te pas.**

**Saans het die seuns by O.B.-boere op die plase uitgekamp en gesellig om die kampvuur die avonture van die dag herleef. Bedags het hulle by besienswaardige plekke langs die pad aangedoen.**

### AARTAPPEL MET KOMMUNISME

Die kommunistiese kandidaat in een van die Johannesburgse stadswyke het aartappels glo gebruik vir propaganda-doeleindes met die afgelope stadsverkiesing. Hy het 'n groot aantal aartappels gekoop wat hy een vir een in 'n kommunistiese pamflet toegedraai en uitgedeel het. Daar is nie berig of die mense tougestaan het daarvoor nie.




NEEM TOE IN POPULARITEIT



IN 'N VERANDERENDE WÊRELD

Kommando

-SIGARETTE

ROND OF OVAAL

WAARDE VIR GELD

BH 2275



# AANDAG!!

**EXCELSIOR WYNE verower 3 silwer bekers en verskeie eerste pryse op Paarl Wyntentoonstelling 1943.**

Bestel direk van Produseerder

**JOHN SCHOEMAN,**

**„EXCELSIOR"**

**VLAKTEPLAATS-STASIE, K.P.**

| | Per Bottel | Per Gelling |
|---|---|---|
| Spesiaal .. .. .. .. | 2/3 | 10/- |
| Rooi Jeripiko .. .. .. | 1/9 | 8/- |
| Wit Jeripiko .. .. .. | 1/9 | 8/- |
| Malmsey .. .. .. .. | 1/9 | 8/- |
| Soet Muskadel — rooi | 1/8 | 7/6 |
| Soet Muskadel — wit | 1/8 | 7/6 |
| Soet Port .. .. .. | 1/8 | 7/6 |
| Port .. .. .. .. .. | 1/6 | 7/- |
| Pontak .. .. .. .. | 1/6 | 7/- |
| Worcester Hock .. .. | 1/6 | 7/- |
| Spesiale Sjerrie .. .. | 1/6 | 7/- |
| Sjerrie .. .. .. .. .. | 1/5 | 6/6 |
| Moskonfyt .. .. .. .. | 1/6 | 6/6 |

Voeg by 5/- vir Kissie en Bottels en 20/- vir Vaatjie, wat vergoed sal word by terugsending spoorvrag betaald.

L.W. — Wyn word alleen in Kissies van 12 groot bottels of Vaatjies van 5 gell. en meer verkoop.

Terme: K.M.B. plus treingeld na sylyne of K.B.A. plus treinkommissie v.o.s. Vlakteplaats-stasie.

**LET WEL. — Moskonfyt word alleen voorsien in kissies van 12 bottels of in 4-gel. karba's, waarop die dep. 5/- en 10/- respektiewelik is.**

# *Geklassifiseerde Advertensies*

## GEBOORTE

DE JAGER. — Van die Heer ontvang 'n welgeskape dogter op 21 Oktober. Aan dokter en verpleegster ons dank. Die dankbare ouers C. L. de Jager, Bloemfontein.

BREDENKAMP. — Aan Veldkt. en mev. Bredenkamp van Observatory 'n fris dogter op die 20ste Oktober. Albei wel. Lank lewe die O.B.

## VERLOWING

BOSHOFF — METELERKAMP: Hiermee wens ons twee, Freda, jongste dogter van mnr. en mev. H. D. Metelerkamp, George en Basie, tweede seun van mnr. en mev. D. J. Boshoff, Damfontein, Senekal, aan familie en vriende (inne) bekend te maak dat ons verloof is.

LÖTTER — COLDITZ: Hiermee wens ons, Asst/H/Komdte. Anna Lötter, Weenen, en Komdt. Paul Colditz, Estcourt, bekend te maak dat ons verloof is.

## DANKBETUIGING

VAN RYSWYK. — Mev. J. H. van Ryswyk, Stellenbosch, wens hiermee alle Offisiere, Brandwagte en vriende hartlik te bedank vir hul gewaardeerde belangstelling en besoeke gedurende die tyd van haar siekte.

## BASAAR

DIE Vroue- en Mannekommando, Papendorp, hou 'n basaar in die „All Saints-saal," Roodebloemweg, Woodstock, om 3 n.m. Ondersteuning sal waardeer word.

## PERSOONLIK

BARBICAN-ATELJEE. — U hoef nie langer te soek na Afrikaanse Fotograwe nie! Kunswerk van eersteklas gehalte, wêreldbekend. Portrette, Paspoort- en Lisensiefoto's. **Barbicangebou, Presidentstraat. Teenoor Stadsaal Johannesburg. Foon 33-6756.**

BOERE ondersteun die man wat nog altyd in u belang opgetree het. Stuur u wol aan **mnr. P. W. Pohl, Port Elizabeth.** Verteenwoordiger vir Victoria-Wes, Carnarvon, Van Wyksvlei, Vosburg, Richmond, Murraysburg en Loxton. **P. W. S. Wenworth, Victoria-Wes.**

**DAMES en Here Haarkapper.** Permanente haargolwing. Handelaar in tabak en fantasiegoedere. Agente vir die beroemde Election-horlosies. **W. J. Grobbelaar, Kerkstraat 92, Potchefstroom. Foon 330.**

EKSELF agter geslote deure. — 'n Mens wil nie weet dat hy kleiner of swakker of ligter of „slegter" as ander is nie; daarom is skinderpraatjies en slegmakery so heerlik— om ander af te druk en te verkleineer sodat EKSELF groter en beter kan vertoon of voel. Daar is egter positiewe en veel beter maniere van selfverheffing en selfverbetering. Vra die Akademie vir Selfstudie, Posbus 584, Pretoria, vir hul gratis brosjure oor „Persoonlike Magnetisme en Selfverbetering."

**EXCELSIOR HAARSNYERS SALON.** Sewe Haarsnyers in diens. Sigarette, Boeke, Skilderstukke ens. Ons herstel ook horlosies. **Volkskasgebou, Markstraat 76, Johannesburg. Eienaar J. J. Boshoff.**

ONDERSTEUN 'n Afrikanersaak. A. P. Swart vir Kruideniersware, eetware en alle ander benodighede. **Carolinestraat 95, Brixton.** Foon 35-1879.

ONDERSTEUN 'n Afrikaner-firma, reeds 40 jaar tot u diens. Stuur u produkte, pluimvee en lewende hawe aan: **H. Basson, Markagentskap, Breestraat 100, Newton.**

ONMOONTLIK? Waarskynlik is dit glad nie onmoontlik vir u om u gesondheid volkome te herwin nie. As u aan enige kwaal ly, afgesien van hoe ernstig dit is, en of dit tot hiertoe as ongeneeslik beskou is, skryf aan ons en verstrek volledige besonderhede. Geen medisyne, geen heelkundige toestelle nie, en u staan onder geen verpligting nie.— „THE SCIENTIFIC HEALTH INSTITUTE", Posbus 1336, Kaapstad.

POPULÊRE RESTAURANT; Langstraat 164, Kaapstad, foon 2-1995. Smaaklike etes en gesellige atmosfeer. Ontvangste en spesiale dinees vir 32 mense kan gereël word. Sondae ook oop.

**RAADPLEEG H. J. van Zyl, 12de Straat 85,** Parkhurst vir die koop van 'n huis op die Rand en vir enige vorm van Assuransie.

SOUT SOUT SOUT
KOOP U SOUT BENODIGHEDE VAN ONS
ONMIDDELLIKE AFLEWERING!

No. I.: Gemaal 8/6 per 200 pd sak; Grof 6/6. No. 2: Gemaal 8/-; Grof 6/-. No. 3: Gemaal 7/6; Grof 5/6. V.O.S. Redlands Sylyn. Kontant met bestelling aan Noordelike Kaap Soutpanne, Posbus 58, Prieska, K.P.

## BENODIG

FLUKSE boer soek 'n goeie plaas geskik vir skaap en bees, te huur. Vir verdere besonderhede skrywe aan S. J. du Preez, Gwerna, Humansdorp.

## HERSTELWERK

HOEDE. — Vir kleur en herstelwerk bring u hoede na Sylvia Thomas, Henrystraat 130, Bloemfontein. Bestellings kan per pos gedoen word.

Uitgegee deur Voorslag (Edms.) Beperk, Kamer 703, Groote Kerkgebou, Adderleystraat, Kaapstad en gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery (Edms.) Bpk., Stellenbosch.

## BETREKKING VAKANT

BENODIG. — Bestuurder vir Motor Spaardele en algemene Voorrade Departement. Moet ondervinding hê van inkope en algemene bestuur. Meld ouderdom, kwalifikasies, ondervinding, salaris verlang en wanneer dienste aanvaar kan word. Goeie vooruitsigte. **Roelou Barry (Eiens.) Bpk., Posbus 99, Robertson.**

BENODIG 'n meisie 19 jaar en ouer as leerling-verpleegster. Salaris £5 per maand en vry inwoning en kos vir die eerste ses maande. Daarna £6 per maand met vry inwoning en kos. **Matrone Auckland Park Verpleeginrigting, Waltonlaan 18, Auckland Park, Johannesburg.**

DRINGEND BENODIG, 'n Afrikaanse huishoudster, in losieshuis van 20 kinders en 10 grootmense. Moet ondervinding hê van huishouding en behulpsaam wees met kinders. Bediendes in diens. Salaris £3 per maand met vrye inwoning. Dienste te aanvaar vanaf 1 November. Doen aansoek by: **F. J. van Rooyen, Posbus 38, Pearston.**

## TE KOOP

BESTEL dadelik dagoud kuikens vir November aflewering. 1,000 Australorps, 1,000 Leghorns en 1,000 kruis van Leghorn haan en Australorp hen. Beskikbaar weekliks. Prys £5 per 100. Vooruitbetaalbaar of K.B.A. **H. R. Malan, Weltevrede, P.K. Kerstfontein, Paarl. Telefoon 6203.**

BOEGOE. — Twee soorte, vir sekere kwale. Gesweet, 12/-; Spesiaal 15&- per pond. Antwoord geen briewe. K.M.B. posvry. **J. J. Spies, Rus-en-Vrede, P.K. Grootkraal, Oudtshoorn.**

**DEKRIET.**—Beroemde Albertinia en Riversdal dekriet 15/6 per 100 bos. V.O.S. Albertinia. Bestel dadelik by: **J. S. Badenhorst, Posbus 3, Albertinia.**

EEN Friesland-bulletjie. — Vader Effatha Walter No. 15602/12, 2de pryswenner 1943 en 1944 teen Kampioenbul — uit Bakenskraal Nico Arend No. 11152/8, Kampioen, by Hugenoot Witster No. 19622/11, Kampioen; melk 18,000 pond in 300 dae; uit eerste prys 8-gelling koei. A. S. Zeeman, Goudmyn, Robertson.

GEREGISTREERDE Afrikanerkoeie in kalf van geregistreerde bulle. Goeie telers. Navraag by **Haarhoff, Uitkomst, Graaff-Reinet.**

GROENTEPLANTJIES. — Australiese Bruin Uieplantjies. 2,000, 9/-; 10,000, 38/-; Gewortelde Arbeiplantjies, 100 5/-; 200 9/-; 400, 16/-. Goeie verpakking. K.M.B. Posvry. L. M. van Niekerk, Tadcaster, K.P.

KOOP u meubels by 'n mede-Afrikaner teen billike pryse. Gratis verpakking. Skryf om besonderhede. **Springbok-Meubels, Spencerweg 18, Sout Rivier.**

KELPIE-COLLIE Skaaphondjies. Ouers uitstaande werkers en baie lewendig. Reuntjies £2, en teefies £1-10-0. — **Haarhoff, Uitkomst, Graaff-Reinet.**

LEERWERK. — Swart Bybelomslae 5/6: Wallets 11/6: Sigaretkokers 8/6: Tabaksakke 8/6 — almal bruin met O.B.-wapen. Naam een pennie per letter. Teemusse 27/6; Handsakke met ritssluiting 52/6. Meld kleur en vorm met blompatroon of wapen. Pryse K.M.B. posvry. W. Scannell, Bus 82, Utrecht.

LEMOEN- en Veldbloeisel-Heuning in 1 pond bottels teen 24/6 per dosyn. In 60-pond-blikke teen 1/7½ per pond. K.m.b. — **J. H. Stiemie, Bus 46, Kirkwood, K.P.**

**MEUBELS. — Besoek of skryf aan die saak** waar u waarde, diens en tevredenheid kry. **Petra-Meubels Bpk, Sentraalstraat 220 Pretoria. Posbus 1356. Foon 2-0194.**

O, dit is „Cool Grisp" Komkommersaad: 17/- per pond, 9/- halfpond. Chantenay en Nantes wortelsaad 12/- per pond, 7/- halfpond.

BEETSAAD, Egiptiese plat, 15/- per pond, 8/- halfpond. Australiese Bruin uiesaad, 6/- per pond, 4/- halfpond. Alles gesertifiseer. Beperkte voorraad. K.M.B. posvry. **J. J. Spies, Oudtshoorn Premier Saadkweker, „Rus-en-Vrede," P.K. Schoemanshoek, Oudtshoorn.**

OPREGGETEELDE (pointer) hondjies, bruin en bont. Verkrygbaar vanaf 20 November 1944. Doen aansoek by: Sias du Toit, Wysersdrift, Goudiniweg.

RAMME — Merino Stoetery. — Beperkte hoeveelheid Wanganella ramme beskikbaar. Groot karkasse en wol met uitstaande kwaliteit die kenmerke. Plaas bestellings vroegtydig. Pryse vanaf £5 vir kudde. **J. H. Moolman, Rusoord, Middelburg K.P. Foon 412.**

SPEELSKEIE. — Bottelskeie teen 3/9: vierkantige koppe teen 4/6. **Koos Botha, P/s. Serpentine, Dist. George.**

SPINWIELE. — Met „winder" £6-10-0, sonder „winder" £5-10-0. K.B.A. **T. B. Neser, P.K. Marquard, voorheen Rodenbeck, Bloemfontein.**

TWEE melk Korthoring bulletjies, suiwer geteel maar nie geregistreer nie. Omtrent twee jaar oud. Donker rooi, een met kol. Goeie kondisie. Gebrand vir subsidie. Prys £20 stuk op Tarkastad gelewer. S. Bekker, Kleinfontein, Tarkastad.

**VANS CONCRETE PRODUCTS.** — Terazzo, Kombuis- en handwasbakke, baddens, septiese tenks, pilare, vloerteëls, voertröe. Enigiets in beton. Direkteure: **P. W. en P. G. van Heerden, Potgieterstraat 258, Pretoria.**

## *VERJAARDAGKETTING*

2 Nov.: J. Wrench Louw, Stellenbosch; Johannes H. Botha, P.K. Commadagga Stasie; Joan Coetzee, Tiervlei; Hester A. J. Erasmus, Merweville; Jan Steenkamp; Upington; Willem Marais, P.K. Koedoeskop.

3 Nov.: Zacharius van Aswegen, Upington; Johan Genis, Upington; Johanna C. Jansen v. Rensburg, Kirkwood; Anna Vermeulen, Carnarvon; Daniel Burger Willemse, P.K. Mamagalieskraal; Jacobus van Aswegen, Upington; Benjamin dela Querva, P.E.; Jacobus Hendrikse, Wilgenhoutsdrift; Sarie van Staden, Amalia; Willie J. Robinson, Philippolis.

4 Nov.: Hendrik E. Nel, P.K. Aughrabies; Adam Barnard, George; Agnes M. Wait, P.E.; Pauline van Niekerk, Soltawe; Nellie Venter, P.K. Dendron; Jannie Botha, George; Elsie Lotze, N. Paarl; Pieter Eksteen, Kakamas; Eckley Dykman, Paarl; Magdalena E. Prinsloo, Paul Roux, O.V.S.

5 Nov.: Frederik Stander, George; Emmie Steyn, Stellenbosch; Anna van Schoor, Wellington; Anna M. A. Coetzee, P.K. Wilgenhoutsdrift; J. Theron, Bellville; Maria C. Otto, P.K. Kwaggafontein; Albertus Rust, Stellenbosch; Anna Coetzee, Wilgenhoutsdrift; Solomon Bellingon Marais, Kirkwood; Johann A. Cornelissen, P.K. Nababeep; Jacobus H. Smit, Fraserburg.

6 Nov.: Pieter Neethling, Stellenbosch; Ebenaezer B. Louw, Pk. Lombrechtsdrift; Hendrika Johanna M. A. Pieters, P.K. Lindley; Jacobus H. Blom, Sutherland; Jackie Theron, Die Strand.

7 Nov.: Ann Pickard, Paarl; Nicolaas S. Louw, P.K. Lombrechtsdrift; J. Bouwer, Somerset-Oos; Magaretha A. Prinsloo, Paul Roux; Cecilia v. d. Meulen, Bedford; Daniel J. J. Botha, P.E.; P. S. L. Kruger, P.K. Mamagalieskraal; Jacob Schoeman, Bethlehem.

8 Nov.: Aletta Barnard, George; Louis Nortje, Beaufort-Wes; Delena J. van Rensburg, P.K. Leeuwkloof; Andries A. Kotze, P.K. Nababeep; Piet Boshoff, George; Abraham du Plessis, Sutherland; Danie Siebrits, Franschhoek; Anna M. J. Cloete, Loxton.

## DIE WAARHEID UIT 'N ANDER PEN

„Miskien het genl. Smuts en sy kabinet nog nie besef dat die volk moeg is vir die toesprake van politici nie. Die oorlog het hulle 'n nuwe volk gemaak wat die gemeenplase van die politici opsy veeg. Hulle verlang optrede....

„Hulle verneem van hul seuns uit die noorde dat die soldate vertroue verloor het in ALLE partye.....". — (Arthur Barlow's Weekly).

## TE KOOP

VARS droë gebaalde eerstegraad lusern teen 5/3. Tweedegraad 4/6. Alles per 100 pond. V.o.s. Kirkwood. — **J. H. Stiemie, Bus 46, Kirkwood.**

VOLBLOED Karakoelramme, direk uit die beroemde Regerings-stoet te Grootfontein. Goeie kondisie en geskik vir onmiddellike gebruik. Navraag by: **Haarhoff, Uitkomst, Graaff-Reinet.**

## TE KOOP GEVRA

EEN tweedehandse „Ransomes Magic" twee skottelploeg. Moet in goeie werkende toestand wees. F. van Niekerk, Tempelhof, Ficksburg.

## WYNE

5 GELLING Muskadel-likeur £2-12-6; anker £3-17-6. 5 gelling Rooi of Wit Muskadel-Jeripigo of Beste Ou Port £2-2-6; anker £3-2-0; 5 gelling Rooi Soet Muscadel £2; anker £2-18-6. 5 gelling Worcester Hock Soet Sierrie of Half-soet Muscadel £1-15-0; anker £2-11-0. Voorwaardes: Kontant of K.B.A. Wyn gelewer Bonnievale-stasie. Vaatjies moet teruggestuur word. J. C. Jonker, Weltevrede-Wynmakery, Posbus 6, Bonnievale, K.P.

**HERHOLDT se BOOMKWEKERYE**
**Posbus 660, JOHANNESBURG**

KRISANTE — Oktober-November planttyd.

Ons „DONOU" Versameling, glorieryke kleurskakering, uitstaande pragsoorte, 25/- per dosyn, 15/- vir 6.

Ons „OPERA" Versameling, — reuse van die vertoontafel, fraai kleure, 18/6 per dosyn, 12/6 vir 6.

Ons „LUUKSE" Versameling, fraai kleure, reusagtige blomme. 18/6 per dosyn, 10/6 vir 6.

Ons „TUIN" Versameling, pragtige soorte gesorteerd. 15/6 per dosyn. 9/6 vir 6.

AMERIKAANSE BOOMANGELIERE, pienk, rooi, salm ens., gesorteerd 10/6, 12/6, 15/6 per dosyn volgens soorte.

Kontant met bestelling.

Sierstruike, Sierbome, Heiningbome, Rose in blikke.

Laat die Erwe van die Vaders,
vir die Kinders Erwe bly:

Belê u geld in vaste eiendom, en verseker u toekoms. Wil u 'n plaas koop, of verkoop? Bel of skryf ons dadelik

**HUURGELD IS BLOEDGELD**

Wees die trotse besitter van u eie huis. Ons sal u sê hoe:

**Wesrand Eiendoms Verkopings (Edms.) Beperk**

Posbus 26 — Foon 62-1115

M A R A I S B U R G

*Die Nuwe Afrikaanse Klankprent*

# DONKER SPORE

van C. J. LANGENHOVEN
word vertoon deur VOBI op:

| | |
|---|---|
| CITRUSDAL | 3 NOVEMBER |
| LAMBERTSBAAI | 4 NOVEMBER |
| LEIPOLDTVILLE | 6 NOVEMBER |
| CLANWILLIAM | 7 NOVEMBER |
| CLANWILLIAM | 8 NOVEMBER |
| NIEUWOUDTVILLE | 9 NOVEMBER |
| LOERIESFONTEIN | 10 NOVEMBER |
| CALVINIA | 11 NOVEMBER |
| CALVINIA | 13 NOVEMBER |
| CALVINIA | 14 NOVEMBER |
| PORTERVILLE | 15 NOVEMBER |
| PORTERVILLE | 16 NOVEMBER |
| PAROW | 17 NOVEMBER |
| MAITLAND | 18 NOVEMBER |
| MAITLAND | 19 NOVEMBER |
| DURBANVILLE | 20 NOVEMBER |
| EPPINGTUINDORP | 21 NOVEMBER |
| WELLINGTON | 22 NOVEMBER |
| BELLVILLE | 23 NOVEMBER |
| BROOKLYN | 24 NOVEMBER |
| PAARL | 25 NOVEMBER |
| PAARL | 26 NOVEMBER |
| TIERVLEI | 27 NOVEMBER |
| GOODWOOD | 28 NOVEMBER |
| WOODSTOCK | 29 NOVEMBER |

**DEFTIGE SOMERSHOEDE**
in groot verskeidenheid
by

Steyns

Parow se Moderne
DAMESMODISTE
Voortrekkerweg — PAROW

**G. A. FICHARDT, Beperk**
(Lid Afrikaanse Handelsinstituut)
MASJINERIE, YSTERWARE, PRODUKTEHANDELAARS
Foon 700 — Opgerig 1843
**BLOEMFONTEIN**

**GILFILLAN en STROH**
Die 100% Afrikaanse Fietshandel.
Ons spesialiseer in fietsreparasies; Koop en verkoop van gebruikte fietse; Handel met nuwe fietse en fietsonderdele.
Ons waarborg alle werk.
KERKSTRAAT 57B - - POTCHEFSTROOM.

**W. VOIGT (Eiens.) Bpk.**
Fabrikante van
Kelder- en Besproeiings-masjinerie.
Bus 10. HUGENOOT. K.P

WIL U 'N ORDENTLIKE PAK KLERE LAAT MAAK?
Besoek dan
**RAUTENBACH'S**
DIE DAMES EN MANS KLEREMAKERS
Voortrekkergebou 301 (Derdevloer)
Foon: 229535. JOHANNESBURG.

**MÔREMARK PRETORIA**
●
BOERE! vir die beste dienste, stuur u produkte, eiers, en lewendehawe, aan ons vriende
***PRINSLOO & VENTER***
WELGEMOEDGEBOU
Bus 361 — Telefoon 2-2208
P R E T O R I A

**LUCERN en AARTAPPELS**
STUUR U PRODUKTE AAN
**UNIE PRODUKTE AGENTSKAP**
Hangerstr. 34 — BLOEMFONTEIN
Eienaars: A. SPIES en MOOLMAN.

# MEUBELS

PRYSE STYG VINNIG.
***KOOP NOU!***
ONS HOU ALLEENLIK GOEIE KWALITEIT MEUBELS IN VOORRAAD.
**Werda Meubelhandelaars (Eiendoms.) Beperk,**
Groote Kerkgebou, KAAPSTAD.
Posbus 210. — Foon 2-6806.